



### Brief van die Hoofbeampte

#### Geagte lede

Ek vertrou dat die eerste helfte van 2018 vrugbaar was en dat u planne vir die res van die jaar op koers is.

Aangesien Julie Nasionale Spaarmaand was, het ons besluit om u te herinner aan die goue reëls wanneer u vir aftrede spaar. Ons gee ook 'n paar eenvoudige wenke om u op hierdie reis te help.

Die Fonds het in die afgelope twee jaar 'n paar opwindende nuwe voordele bekendgestel en ons wil baie graag die geleentheid skep om van aangesig tot aangesig met u, ons lede, hieroor te gesels. In hierdie

uitgawe sê ons hoe u ons kan help om so 'n geleentheid te reël.

Lekker lees!



**Ilse Hartlief**  
Hoofbeampte

### DIE GOUE REÛLS WANNEER VIR AFTREDE GESPAAR WORD!

#### Waarheid of mite: Sodra u 'n lid van 'n aftreefonds is, is u op koers na 'n gemaklike aftrede?

Wanneer ons jonk is, dink ons maklik aftrede het niks met ons te doen nie. Ons dink dat omdat aftrede meer as 20 of 30 jaar weg is, ons ons nie daarvoor hoef te bekommer nie. Hierdie ingesteldheid beteken dat groot bekommernisse in u 50's en 60's op u kan wag omdat daar net nie genoeg geld onder u matras gaan wees om u deur 20 of 30 jaar van aftrede te dra nie, en daar ook nie genoeg tyd oor gaan wees om iets daaraan te doen nie.

Omdat ons dikwels baie besig is met die hier en nou van die lewe vergeet baie van ons dat, as ons nie behoorlik beplan nie, aftrede baie anders kan wees as wat ons verwag. Die klein huisie by die see waarin ons beplan om af te tree, kan uiteindelik niks anders as 'n droom bly nie.



Op hierdie stadium van u lewe dink u dalk u behoort aan 'n uitstekende aftreefonds en is gesond genoeg om nog vir baie jare te werk. Alhoewel dit waar mag wees, is dit belangrik om te onthou dat 'n pensioenfonds slegs een van 'n paar stappe is wat nodig is om 'n finansiële stabiele toekoms te verseker.

### Hier is 'n paar eenvoudige wenke om u op u reis te help:

- Raadpleeg 'n geakkrediteerde finansiële adviseur en stel 'n aftreespaarplan op.
- Maak seker dat u die voordele wat die LA Aftreefonds u bied ten beste benut.
- Spaar soveel u kan so lank as wat u kan.
- Gaan u "finansiële status" gereeld na.
- Probeer om nooit u aftreespaargeld te gelde te maak as u van werk verander nie.
- Aftreespaargeld is 'n langtermyn-belegging – moenie panikerig raak as markte onbestendig is nie – hou altyd u oog op die einddoel.

Onthou, die regte soort beplanning op die regte stadium in die lewe sal bepaal of u 'n gelukkige aftrede of een met finansiële bekommernisse gaan hê. Of u nou 40, 10 of selfs net 5 jaar het tot aftrede – dit is nie te laat om vandag iets daaraan te begin doen nie. Die keuse lê by u!

### Onthou die haas en die skilpad – stadig, maar bestendig wen die resies.



Vir baie mense mag die vooruitsig van aftrede nog vaag en ver in die toekoms voel. Daar is dus nie 'n dringende behoefte om te begin spaar nie (die haas). Dit terwyl ander bewus is van die opperste belang dat klein finansiële veranderinge stadig maar seker deurgevoer moet word om spaardoelwitte betyds te bereik (die skilpad).

## KOM ONS GESELS

Ons sal graag hierdie gesprek wil voortsit...  
Indien u wil hê dat ons u kantoor moet besoek om meer oor die Fonds se wonderlike voordele te vertel en u met inligting toe te rus om die beste moontlike keuses te maak, praat asseblief met u personeelverteenvoerder. Vra vir 'n ontmoeting van aangesig tot aangesig met u Fonds. Anders kan u 'n e-pos aan [support@laretirementfund.co.za](mailto:support@laretirementfund.co.za) stuur en ons sal die gesprek met u personeelverteenvoerder voortsit.

## VRYWILLIGE UITGEBREIDE BEGRAFNISDEKKING

'n Herinnering dat, bykomend tot die begrafnisdekking vir u en u onmiddellike gesinslede, die Fonds nou die opsie bied om bekostigbare begrafnisdekking vir u **UITGEBREIDE FAMILIELEDE** uit te neem deur 'n kostedoeltreffende vrywillige begrafnisskema vir uitgebreide familie, verskaf deur Sanlam.

Besoek [www.laretirementfund.co.za](http://www.laretirementfund.co.za) vir meer inligting oor al die wonderlike voordele tot u beskikking!